25. XI. 1921
X

# Gerard Moerdyk se Boukuns.

In die wording van 'n eie nasionale kultuur langs die eienaardige verrassende paaie in sommige opsigte selfs, as wat nou waargeneem en ook betreur word, 's dit begryplik dat daar 'n herlewing ook in die boukuns kom; en dit is aangenaam om te weet, dat die praktiese, deskundige voorloper met wetenskaplike kennis, reeds aangewys word in die persoon van ons geniale Afrikaner, Gerard Moerdyk.

Met sy studie in argeologie en boukuns en nou weer in sy geesdriftige navorsings in Suidafrika se eie vorming van 'n nasionale karakter in die argitektuur omtrent 150 jaar geleë, wys hy die rigting aan waarlangs die nageslag onder die veranderde omstandighede en lewenswys op daardie fondament deur Thibault, Anreith, Schutte en andere gelê, kan verder bou. Die grondslag is gelê, 'n grondslag wat 'n vervorming is na die vereistes van ons eie Suidafrikaanse klimaat, en volkslewe. Wat Moerdyk as deskundige antoesias nou doen is dus in die eerste plek om die volk se aandag by die grondslag deur die vadere gelê, te bepaal en verder nuwe belangstelling daarin op te wek, sodat ons met die meedoen van ander Afrikaner-boumeesters, langsamerhand 'n eie nasionale renaissance-boutrant besit.

In ,,Boer en Barbaar'' het ek reeds daarop gewys, hoe dat 'n nasionale boutrant gefondeer op die van die vadere 'n vereiste is, ook uit ekonomiese oogpunt, omdat, soos tussen 1770 en 1820, naderhand die slaaf-messelaar selfs onbewus gehelp het om die boutrant, soms op verrassende wyse te voorskyn te bring Hy was naderhand met die timmerman so goed bekend met die boumeesters se skeppende ideë, dat dit amper routine-werk geword het, uitgesonderd die afwykings hier en daar in besonderhede wat die tekenaar skep; want die merkwaardigste van die ou Frans-Hollandse styl was die veelsydigheid daarvan, en die verontagsaming van simetrie met die behoud van balans

Ek is dankbaar vir Moerdyk se verskyning, omdat nie so lang gelede nie, daar tekene was om in 'n bietjie bekrompe, eksperimentele doolhof rond te sukkel, soos ons Engelse landgenote dit sedert 1820 op hulle eie baan gedoen en dit ook 'n aanmerklike fiasko gemaak

Ek verneem tot my blydskap dat op Dundee onder die kunsliewende hande van Moerdyk 'n nasionale modelkerk. waar die mureboumateriaal baksteen is, gebou word Dit is die eerste toonaangewende gebou in Natal wat aan die gedagte en skoonheidsin van die vadere uiting sal gee.

Op die hoek van Maitlandstraat Bloemfontein sal die eerste seksie van die sinodale saal wat later voltooi word, vereers gebou word en die seksie sal een van die hoofingange van die later gebou opgerig te word, wees.

Die paneel en sny-werk van bo en onderdeur met die kunstige flambou-bolig, is die resultaat van Moerdyk se eie skepping. Ons sal daarop trots wees.

In Pretoria laat oom Douw v. d. Merwe, L.P R., Lichtenburg, 'n H.-huis onder Moerdyk se eie vaardige vertolking van die boukuns van die voorgeslag optrek en in Bloemfontein het Moerdyk die skepping van 'n kerkgebou in hande Die mure-boustof sal bloukllip wees en in ooreenstemming daarmee kom daar natuurlik die gewenste wysigings, dog die interpretasie sal die rigting beliggaam soos deur 'n nasionale boukuns 150 jaar gelede aangewys is as die mees gewenste vir ons land en ons eie volkskarakter en dit kan nie anders nie as die innigste dankbaarheid opwek.

'n Mens mag hoop dat die Regering se Publieke Werke uit hulle vasgemesselde isolasie weldra sal te voorskyn tree, om rond te kyk wat in Suid-Afrika om hulle plaasvind en ten minste probeer om vir hulle by wat degelik en groots en blywend is, aan te pas.

Ek is dankbaar vir Moerdyk se verskyning soos ek vir die van Totius, Malherbe, Jan Cilliers en andere reeds in 1910 was

J. H. MALAN

MRDK 0013T